



Preekblad: 1 Pet 1:1-9
Tema: Hoop in Lyding

Agtergrond

As daar iemand is wat verstaan wat hoop beteken, is dit Petrus. Die aand voor Jesus se kruisiging verloën hy Jesus 3 keer – dit nadat hy ‘n rukkie vantevore vol bravade gesê het hy sal Jesus volg tot in die dood. Vir hom moes die gebeure van paasfees ekstra lank en emosioneel uitmergelend gewees het. Ek kan my die trauma en verwardheid indink die Sondagoggend by ‘n leë graf. Die verhaal stop gelukkig nie daar nie. Maria Magdalena kom later met goeie nuus, sy het Jesus gesien. Petrus kry ook ‘n een-tot-een ontmoeting met Jesus, dit na ‘n lang nag van geen visvang nie, en die volgende môre Jesus wat die instruksie gee om die net aan die ander kant van die boot uit te gooi. Dis die gesprek hierná met Petrus wat sy lewe totaal en al omkeer as Jesus hom drie maal vra of hy Hom liefhet, en vir Petrus dan vra om Hom te volg...

Petrus staan ook bekend as die Apostel van hoop. Sy ontmoeting met die opgestane Jesus bring nuwe perspektief in sy lewe en hy word die eerste “moderator” van die christelike kerk. Dis dieselfde Petrus wat bykans dertig jaar later hierdie brief skryf.

Die tema van die brief is hoop in lyding. Die situasie in die gemeentes in Klein-Asië aan wie hy skryf is een van lyding agv die christene se marginalisering in ‘n gemeenskap waar hulle geen regte het nie. Alhoewel hulle belasting betaal het, is hulle soos tweederangse burgers behandel. Petrus spreek hulle aan as uitverkore vreemdelinge. Hiermee wil hy hulle herinner, dat tsv die feit dat hulle nêrens behoort nie, hulle deur die bloed van Jesus (die gebeure van Paasfees) ‘n spesiale identiteit het.

1 Pet 1:1-9

Dit is opvallend dat Petrus nie sy brief begin deur te fokus op hulle lyding en die trauma waardeur hulle gegaan het nie. Hoor hoe begin hy sy brief in

1 Pet 1:3 Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop...

Petrus begin met dit wat sy lewe verander het: Die opstanding van Jesus. Dít het nuwe lewe lewe vir hom gebring. Maar wat beteken die hoop waarvan Petrus praat? Die Hebreërs skrywer sê hoop is om die die onsienlike God te sien

(Hebr 11:27). Dan verduidelik hy dit verder: dis 'n duidelike prentjie van die hemel, 'n lewe eendag saam met Jesus. Dis ons erfenis. Die vraag wat onmiddelik by mens opkom, is of dit nie 'n ontvlugting van die realiteit is nie. Wat van die werklikheid waarmee Petrus se hoorders elke dag mee moet leef?

Nee, dit is beslis nie wat Petrus vir sy hoorders wil gee nie, nie maklike antwoorde, of 'n ontvlugtingsroete nie. Vanuit hierdie werklikheid, om verby die pyn te kyk, bevestig hy dat hy besef dat hulle deur allerhande beproewinge hier gaan, maar dat hulle geloof hulle hierdeur vat, en dit is dat God nie net daar anderkant vir hulle wag nie, maar dat die onsienlike God nou, hier by hulle is. v 8,9 Hom het julle lief, al het julle hom nie gesien nie . . . en dit vervul julle met onuitspreeklike en heerlike blydschap – God is by julle.

Wat beteken dit vir ons?

'n Bivokale lens help mens om ver en naby te sien. Dis die geskenk van die opstanding, 'n lewende hoop. Dit help ons om ver te sien, dit wat vir ons wag – na Covid-19, na kanker, na bankrotskap, na siekte en dood, na depressie. Maar dit help ook om hier te sien, naby. Dit help ons om God raak te sien – Hy was nog altyd hier. Dit help ons om met blydschap te leef in die hier en die nou.

Hoekom het die kerk so vinnig gegroei in die eerste 300/400 jaar tsv siektes, oorloë en natuurlike rampe? Hulle het met hoop geleef. Hulle kon verby die omstandighede kyk en God te sien. Hulle kon ook af kyk, en in die omstandighede geleenthede raak sien om te dien. Die kerk het gegroei onder moeilike omstandighede, omdat die christene sonder onderskeid almal help versorg het.

Dankie vir ons leiers wat hulle salarisse inkort vir die solidariteitsfonds, dankie vir julle bydraes vir SCAN en Voedingsaksie wat weekliks 1000de kospakkies pak en uitdeel, dankie vir vrywilligers wat help. Dankie vir uitreik na mekaar, vir bemoediging . Dankie vir gesinne wat stembodskappe stuur vir oumense en hulle wat alleen is om so te bemoedig.

'n Vriend van my stuur elke oggend in die tyd vir ons Bybelstudiegroep 'n 5 min video waarin hy perspektief gee

op die gebeure van die dag, die Covid-19 situasie, die ekonomie, die grappies en stories op sosiale media. En elke dag eindig hy met 'n pronkperd waarin hy een van die bybelstudiegroepslede vat en 'n paar mooi dinge oor daardie persoon sê. Waarmee hy ons help is om hoop te behou, om God raak te sien, wat nog altyd hier tussen ons was.

Om oor na te dink en met mekaar te gesels

- As hoop is om die onsienlike God raak te sien, wat het jou die afgelope tyd verhoed om God raak te sien? Wat het jou gehelp om God raak te sien?
- In 'n tyd waar baie mense uitsigloos is, watter soort optrede, gesindheid kan mense help om God raak te sien in my doen en late?

Rom 15:13 Message vertaling

Oh! May the God of green hope fill you up with joy, fill you up with peace, so that your believing lives, filled with the life-giving energy of the Holy Spirit, will brim over with hope!